VINNIG E VRAE

aan Audrey Jantjies

Het jy 'n hoekie of vertrek in jou huis of elders waar jy verkies om te sit en skryf?
Solank daar stilte is, skryf ek. Enige plek, maar my absolute gunstelingplek is die kothuis by Paulet-huis in Somerset-Oos.

Moet dit stil wees waar jy skryf? Of moet daar byvoorbeeld musiek in die agtergrond speel?
Absolute stilte. Al musiek wat ek nodig het, is die melodie van my onmiddellike omgewing. Ek moet myself beskikbaar maak vir wat my karakters wil sê.

Praat jy met ander mense oor jou werk terwyl jy daaraan skryf? Soek jy raad en insette tydens die skryfproses of eers nadat die eerste weergawe gepen is, indien ooit?
Ek praat weinig met ander terwyl ek skryf, maar sal soms raad soek wanneer die storie feitlik gegrond is en ek navorsing moet doen.

Is daar ander kunssoorte wat jou in die skryfproses stimuleer?
Musiek – Nina Simone en Edith Piaf. Wanneer ek deur 'n donker hoofstuk werk luister ek na een van die twee om my in stemming te sit; hul musiek het so 'n melancholiese klank.

Wat is jou gunstelingboek of 'n onlangse leeshoogtepunt?
My gunstelingboek is *The Life and Times of Michael K* deur J.M. Coetzee.

As dié boek 'n maaltyd was, wat sou dit wees?
Mielie-en-bonesop met baie murgbene en vir *dessert* 'n eksotiese piesangflambé.

Wat is jou gunstelingfliek wat op 'n boek gegrond is?
To Kill a Mockingbird

Skryf jy soms eerste weergawes van jou werk op papier of werk jy direk op die rekenaar?
Ek het altyd 'n notaboek by my en my foon vir foto's met tonele wat ek later soms in my skryfwerk gebruik. Maar meestal direk op die rekenaar.

Lees jy resensies?
Soms.

Wie is jou gunsteling- fiktiewe karakter(s)?
Moby Dick

Waar het jy grootgeword?
Ek het in Swellendam grootgeword.

Speel plekke wat jy besoek of beleef 'n rol in jou skryfwerk?

PEN AFRIKAANS

Audrey Jantjies

"LUISTER MEER NA WAT DIE *ELDERS* TE SÊ HET; 'N CLICHÉ DALK, MAAR SOVEEL VERHALE EN KOMVAN-DAANSTORIES GAAN VERLORE OMDAT ONS NIE GENOEG LUISTER NIE."

Is daar enige plekke wat jy wil uitsonder?
My eie *backyard* en omgewing, veral Suurbraak. Dan het ek ook al 'n bietjie deur Europa gereis – ek het byvoorbeeld op party plekke in Italië en op die Duitse platteland waarlik gevoel soos Sting se "Englishman in New York". Dit is daardie soort waarnemings wat ek gebruik.

Het jy 'n vaste roetine en mikpunte vir skryf? Byvoorbeeld, het jy vaste ure wanneer jy skryf of 'n sekere aantal woorde wat jy per dag skryf?
Nee, wanneer ek begin sonder ek myself af met die nodige vars lug en *basics* tussenin. Ek probeer skryf totdat dit waaraan ek werk voltooi is.

As jy nie geskryf het nie, waarmee sou jy graag daardie ure verwyl?
Reis, reis en nogmaals reis.

Wie is jou gunstelingskrywers?
In geen besondere volgorde nie: Alice Walker, Adam Small, Jan Rabie, J.M. Coetzee, Chase Rhys, Marlene van Niekerk, Cormac McCarthy, Khaled Hosseini en Nathan Trantraal.

Is daar enige skrywers wat 'n groot invloed op jou werk gehad het?
Tot dusver: Trantraal, Rhys, Van Niekerk en Walker.

Watter soort boeke (genres) lees jy die meeste en hoekom?
Romans – dit maak sin en laat die denker in my vry.

Wat lees jy op die oomblik?
Ronelda Kamfer se *Kompoun* en *Om het hart terug te brengen* deur Annemarié van Niekerk.

Watter raad het jy vir jong of ongepubliseerde skrywers?
Moenie net sit en droom oor die moontlikheid van 'n gepubliseerde boek nie – begin net. Maak 'n *blog* oop, maak jouself beskikbaar vir skryfkursusse. Skryf in die taal en dialek en stemming waarmee jy gemaklik is. En lees, lees, lees!

As jy vir jou jonger self raad kon gee, wat sou dit wees?
Luister meer na wat die *elders* te sê het; 'n cliché dalk, maar soveel verhale en komvandaanstories gaan verlore omdat ons nie genoeg luister nie. **T**

PEN Afrikaans bestaan ter wille van uitdrukkingsvryheid en die bevordering van die Afrikaanse woordkuns. In die Vinnige vrae-*reeks leer ons telkens een van ons lede van naderby ken.*